

SARS bedank miljoene nakomende belastingpligtiges, maar waarsku diegene wat nienakomend is

Tshwane, 7 November 2023 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) bedank alle nievoorlopige belastingpligtiges wat hulle wetlike verpligtinge nagekom het deur hulle persoonlike inkomstebelastingopgawes teen die einde van die belastingseisoen in te dien. SARS bedank ook belastingpligtiges wat, waar verskuldig, uitstaande betalings gemaak het.

Soos met vorige jare, is SARS bly oor die voortgesette verbetering in nakomingsvlakke vir individue. Ons glo dat meeste belastingpligtiges eerlik is en die regte ding wil doen deur hulle wetlike verpligtinge na te kom. In hierdie verband, het SARS 'n totaal van 7 miljoen opgawes van nievoorlopige belastingpligtiges ontvang, vergeleke verlede jaar se 6 miljoen.

Ons aanlyn platform vir individue het gelei tot:

- 88% van opgawes wat deur eFiling of die MobiApp-platforms ontvang is;
- 93% van opgawes wat binne 5 sekondes geprosesseer is;
- 79% van terugbetalings wat binne 72 uur geprosesseer is; en
- Meer as R 29 miljard wat reeds as terugbetalings uitbetaal is.

SARS se outo-aanslae maak ook wending met 4 miljoen belastingpligtiges wat hierdie jaar voorafberekende aanslae ontvang het, vergeleke 3 miljoen die vorige jaar.

Die blitsige ontwikkeling van datawetenskap, algoritmes, masjien-aanlering en die verskeie derdepartydatabronne het SARS in staat gestel om belastingpligtiges van 'n vaartbelyne en moeitelose diensondervinding te voorsien. Terwyl hierdie platforms gebruik is om die beste diens aan nakomende belastingpligtiges te lewer, het dit SARS ook in staat gestel om kategorieë van nienakomende belastingpligtiges te identifiseer.

SARS het 'n toename in vlakke van nakoming waargeneem. Ons bly egter besorg oor die nienakomende belastingpligtiges wat nog nie, soos vereis, 'n opgawe ingedien het nie, en die volgende is geïdentifiseer:

- Geregistreerde belastingpligtiges wat nie, vir welke rede ook al, 'n opgawe ingedien het nie;
- Belastingpligtiges wat nie 'n verskuldige betaling gemaak het nie;
- Belastingpligtiges wat nie as belastingpligtiges geregistreer is nie, hoewel hulle ekonomies aktief is; en
- Belastingpligtiges wat in die verlede nie 'n opgawe verskuldig was nie, maar inkomste uit indienshouding, beleggings, huur, of ander ontvang; bepaalde belastingpligtiges het moontlik ook aandele ontvang of het aktiewe sakebelange wat hulle bo die inkomstedrumpel skuif, wat beteken dat hulle 'n opgawe moet indien.

Nienakomende belastingpligtiges word daaraan herinner dat hulle wetlike nagevolge in die gesig staar vir die versuim om te registreer, 'n opgawe in te dien en/of betalings te maak, waar van toepassing.

Sodanige belastingpligtiges word aangemaan om hulle belastingsake dringend te regulariseer en word aangemoedig om die Vrywillige Blootleggingseenheid te nader voordat SARS hulle kontak. Indien sodanige belastingpligtige se VBP-aansoek SARS bereik nadat SARS hulle gekontak het, val die VBP-opsie weg en sal hulle aansoeke nie aanvaar word nie. SARS is gereed en gewillig om belastingpligtiges te help wat nakomend wil wees. Waar belastingpligtiges met opset hulle wetlike verpligtinge ignoreer, sal SARS streng optree.

SARS-kommissaris mnr. Edward Kieswetter het sy waardering uitgespreek teenoor nakomende belastingpligtiges wat hulle wetlike verpligtinge uitgevoer het. Hy het verder gesê: "Sommige belastingpligtiges is opsetlik nienakomend deur valse verklarings aan SARS te maak of eenvoudig hulle wetlike verpligtinge te ignoreer. Diegene wat by sodanige gedrag betrokke is, moet weet dat hul optrede nie net 'n siviele oortreding is nie, maar ook 'n kriminele oortreding wat met reaksie in verhouding daartoe ontmoet sal word. Die howe het bevestig dat SARS wetlik optree deur nienakoming die hoof te bied", het mnr. Kieswetter gesê.

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.